



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Letaptha la Thuto

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2024

REKENINGKUNDE V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye, 'n
formuleblad en 'n 10 bladsy-antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD (minute)
1	Maatskappy Finansiële State	55	45
2	Notas tot Finansiële State, Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers	40	30
3	Vertolking van Finansiële State	40	30
4	Korporatiewe Bestuur	15	15
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE**(55 punte; 45 minute)****ZINO BEPERK**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig op 30 Junie 2024. Die besigheid verkoop grassnymasjiene.

GEVRA:

1.1 Verwys na inligting B (ii).

Bereken die waarde van die voorraad wat gesteel is. (3)

1.2 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 2024. (29)

1.3 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie soos op 30 Junie 2024. (23)

LET WEL: Sommige bedrae word in die ANTWOORDEBOEK verskaf.

INLIGTING:**A. Uittreksel: Saldo's en totale uit die rekords op 30 Junie 2024.**

	R
Gewone aandelekapitaal (3 000 000 aandele)	19 650 000
Behoue inkomste	?
Lening: OV Bank	1 304 000
Debiteurekontrole	495 000
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings)	300 000
Voorsiening vir oninbare skulde	2 355
Krediteurekontrole	529 800
Bank (gunstig)	?
Handelsvoorraad	2 195 550
Aandeelhouders vir dividende	1 980 000
Verkope	?
Koste van verkope	15 660 000
Huurinkomste	98 500
Kommissie-inkomste	626 400
Ouditfooie	81 000
Direkteursfooie	450 000
Advertensies	36 000
Dividende op gewone aandele	1 010 000

B Aansuiwerings en addisionele inligting:

- (i) Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 75% op kosprys. Spesiale klante is handelskorting van R216 000 toegestaan.
- (ii) Tydens 'n inbraak by die pakhuis is grassnymasjiene gesteel. Die besigheid het R35 000 van die versekeringsmaatskappy ontvang en aangeteken, wat 80% van die waarde van die masjiene is aangesien dit onderverser was. Geen ander inskrywings is gemaak nie.
- (iii) Ouditfooie nog uitstaande aan die einde van die finansiële (boek)jaar, R9 500.
- (iv) 'n Jaarlikse advertensiekontrak is met 'n plaaslike koerant onderteken met ingang 1 Oktober 2023. R24 000 is betaal.
- (v) Voorsiening vir oninbare skulde moet tot R1 975 aangesuiwer word.
- (vi) 'n Klant wat sy rekening met R2 800 oorbetaal het, het versoek dat die oorbetalings na sy krediteurrekening oorgeplaas word aangesien hy ook die kantoor van skryfbehoeftes voorsien.
- (vii) Zino Bpk. verdien kommissie van R25 per eenheid verkoop van STIHL-vervaardigers. Kommissie op 900 eenhede vir Junie is nog verskuldig.
- (viii) Die maatskappy het hul TWEE direkteure betaal tot 31 Desember 2023. Hulle verdien dieselfde fooie. 'n Derde direkteur is op 1 April 2024 teen dieselfde maandelikse tarief as die ander twee direkteure aangestel. Geen direkteursfooie is in die tweede helfte van die jaar betaal nie.
- (ix) Persele word sedert 1 Augustus 2023 verhuur met 'n ooreenkoms dat huur met R800 per maand verminder word met ingang van 1 Mei 2024. Huur vir Junie 2024 is nog nie ontvang nie.
- (x) 'n Addisionele voorlopige belastingbetaling van R200 000 is op 30 Junie 2024 gemaak (dit is nie aangeteken nie). Hierna was inkomstebelasting wat nog aan die SAID verskuldig was aan die einde van die jaar R60 000.

Belasting word bereken teen 28% van die netto wins voor belasting.

- (xi) Lening van OV Bank:
 - Die leningsaldo op 1 Julie 2023 het R1 490 000 beloop.
 - Rente van R120 100 op die lening is gekapitaliseer.
 - 'n Vaste maandelikse paalement (insluitend rente) is ten volle betaal en aangeteken.
 - Weens moeilike ekonomiese toestande het Zino Bpk. met OV Bank onderhandel om die oorspronklike termyn van die lening te verleng. Die bank het tot hierdie versoek ingestem, en sodoende die kapitaalgedeelte van die leningterugbetaling met 5% oor die volgende finansiële jaar verminder.
- (xii) **Die volgende finansiële aanwysers is op 30 Junie 2024 bereken, nadat alle aansuiwerings in ag geneem is:**

Netto batewaarde per aandeel	675 sent
Bedryfsverhouding	1,3 : 1

VRAAG 2: FINANSIËLE AANWYSERS EN KONTANTVLOEISTAAT**(40 punte; 30 minute)**

Die inligting het betrekking op Shabba Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2024.

GEVRA:

- 2.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2024:
- 2.1.1 Skuld-ekwiteit-verhouding (3)
 - 2.1.2 Verdienste per aandeel (4)
 - 2.1.3 Dividenduitbetalingskoers (%) (3)
 - 2.1.4 % opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang (OOAB) (5)
- 2.2 Stel die Behoue inkomste-nota op. (7)
- 2.3 Bereken die verandering in Handels- en ander ontvangbares. Dui aan of dit 'n invloed of uitvloed van kontant is. (4)
- 2.4 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeiastaat:
- 2.4.1 Belasting betaal (5)
 - 2.4.2 Opbrengs uit die verkoop van vaste bates (5)
- 2.5 Voltooi die volgende afdeling van die Kontantvloeiastaat:
- Netto verandering in Kontant en kontantekwivalente (4)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste op 30 April 2024:**

	R
Waardevermindering	190 900
Rente-uitgawe	69 500
Netto wins na belasting	1 022 000

B. Belasting is 30% van Voorbelaste wins.

C. Uittreksel uit die staat van finansiële posisie en notas:

	30 April 2024 R	30 April 2023 R
Vaste bates (drawaarde)	11 434 000	9 890 600
Vaste deposito	120 000	600 000
Bedryfsbates	1 202 400	906 000
Handels- en ander ontvangbares (sien Nota 1)	568 700	459 400
Kontant en kontantekwivalente	7 800	85 300
Aandeelhoudersbelang	12 624 400	9 319 200
Behoue inkomste	?	1 300 300
Nie-bedryfslaste	1 294 000	1 560 000
Bedryfslaste	900 000	1 156 600
Handels- en ander betaalbares	432 000	814 600
Bankoortrekking	319 000	0
Aandeelhouders vir dividende	188 000	201 000

Nota 1: Handels- en ander ontvangbares.

	30 April 2024 R	30 April 2023 R
Netto handelsdebiteure	528 000	426 800
Opgelope inkomste	30 800	
SAID (Inkomstebelasting)	9 900	32 600
	568 700	459 400

D. Vaste bates:

- Die totale koste vir die verkryging van 'n nuwe voertuig en uitbreidings aan die geboue gedurende die jaar het R1 702 000 beloop.
- Gedurende die jaar is toerusting teen drawaarde verkoop.

E. Aandelekapitaal en aandele:

- Daar was 1 340 000 aandele uitgereik teen 30 April 2023.
- Addisionele aandele is op 1 November 2023 uitgereik.
- 'n Tussentydse dividend is op 31 Augustus 2023 betaal.
- Op 30 April 2024 is aandele teruggekoop. Die waarde van die aandele volgens die gemiddelde uitreikingsprys het R28 000 beloop. Die prys gevra was 15% meer as die gemiddelde uitreikingsprys.

F. Dividende en verdienste per aandeel:

	30 April 2024	30 April 2023
Tussentydse dividende (per aandeel)	20 sent	45 sent
Finale dividende (per aandeel)	25 sent	15 sent
Verdienste per aandeel	?	109 sent

VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING**(40 punte; 30 minute)****LUKER BPK.**

Die finansiële jaar eindig op die laaste dag van Februarie elke jaar.

GEVRA:

LET WEL: Waar kommentaar of verduidelikings gevra word, moet jy:

- Finansiële aanwysers en tendense met syfers aanhaal.
- 'n Rede of 'n verduideliking vir die finansiële aanwysers wat aangehaal is, gee.

3.1 Begrippe met betrekking tot maatskappye word in KOLOM A gegee en beskrywings in KOLOM B. Kies die beskrywing in KOLOM B wat by 'n begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK, neer.

KOLOM A (BEGRIP)	KOLOM B (VERDUIDELIKING)
3.1.1 Hefboomfinansiering	A dui die voordeel aan wat die eienaars uit hul belegging in die besigheid ontvang
3.1.2 Solvabiliteit	B dui aan in watter mate die besigheid deur geleende kapitaal gefinansier word
3.1.3 Likiditeit	C dui aan of die besigheid al sy skuld sal kan afbetaal
3.1.4 Opbrengs op ekwiteit	D dui aan of die besigheid korttermyn skuld kan afbetaal

(4 x 1) (4)

3.2 Winsgewendheid

Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers wat aandui dat die maatskappy sy uitgawes meer doeltreffend bestuur. (4)

3.3 Likiditeit

Stel strategieë voor wat die maatskappy kan gebruik om sy netto bedryfskapitaal te verbeter. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (6)

3.4 Finansieringstrategieë en hefboomfinansiering

- Lewer kommentaar of die maatskappy goed van lenings gebruik maak. Haal EEN finansiële aanwyser met syfers en tendense aan. (4)
- Die skuld-ekwiteitverhouding van die maatskappy het van 0,8 : 1 tot 0,6 : 1 afgeneem. Noem TWEE moontlike redes wat tot hierdie verandering kon gelei het. (4)

3.5 Dividende, verdienste en opbrengste:

- Lewer kommentaar op die dividenduitbetalingsbeleid van die maatskappy. Verskaf TWEE redes waarom die direkteure besluit het om die beleid in 2024 te verander. (4)
- Verduidelik of die aandeelhouders tevrede moet wees met hul opbrengs op belegging in die maatskappy. Haal EEN finansiële aanwyser, met syfers, in jou verduideliking aan. (4)
- Bereken die dividende wat verdien is deur jou vriend wat 40 000 aandele in die maatskappy op 29 Februarie 2024 besit. (2)

3.6 Waarde van aandele:

Die HUB wil sy 60 000 aandele op 29 Februarie 2024 aan die maatskappy terugverkoop teen 1 250 sent per aandeel. As 'n aandeelhouer in die maatskappy, hoe sal jy op hierdie besluit reageer? Verduidelik en haal EEN finansiële aanwyser aan. (4)

3.7 Aandeelhouding:

Verwys na inligting B:

- Bereken die aantal aandele wat John Khan gekoop het uit die 250 000 nuwe aandele wat op 1 Februarie 2024 uitgereik is, om sy meerderheidstatus te behou. (4)

INLIGTING:

A. Finansiële aanwysers bereken op die laaste dag van die finansiële jaar:

	29 Feb. 2024	28 Feb. 2023
% bedryfsuitgawes op verkope	21,6%	23,2%
% winsopslag behaal	60%	50%
% bedryfswins op verkope	21%	19%
Bedryfsverhouding	2 : 1	1,9 : 1
Vuurproefverhouding	0,6:1	1,3 : 1
Gemiddelde debiteure-invorderingsperiode	42 dae	29 dae
Gemiddelde krediteure-betalingsperiode	60 dae	56 dae
Skuld-ekwiteit-verhouding	0,6 : 1	0,8 : 1
Verdienste per aandeel	70 sent	78 sent
Dividende per aandeel	72 sent	40 sent
Dividenduitbetalingskoers	103%	51%
% opbrengs op aandeelhoudersbelang	12,8%	11%
% opbrengs op kapitaal aangewend	19,8%	20,3%
Rente op vaste deposito	8%	8%
Rente op lening	13%	13%
Netto batewaarde per aandeel	950 sent	955 sent
Markprys per aandeel op JSE	934 sent	968 sent

B. Aandelekapitaal en aandeelhouding van John Khan:

	29 Feb. 2024	28 Feb. 2023
Aantal uitgereikte aandele:	?	650 000
Aandele besit deur John Khan	(50,1%)	(51%)

VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR EN OUDITERING (15 punte; 15 minute)

Jy word voorsien van 'n artikel wat met Nicole Bpk. verband hou. Gebruik die inligting wat aangebied word en jou kennis van maatskappye om die vrae te beantwoord.

GEVRA:

- 4.1 Verduidelik waarom Nicole Bpk. die dienste van beide die interne en eksterne ouditeure benodig. (4)
- 4.2 Identifiseer en verduidelik die rekeningkundige beginsel wat die direkteure van Nicole Bpk. oortree het, toe hulle inkomste in vroeëre rekeningkundige tydperke erken het. (2)
- 4.3 Verduidelik wat korporatiewe bestuur is en hoe die voormalige HUB, Peter Moore hom nie volgens die King-kode gedra het nie. (4)
- 4.4 Watter tipe auditverslag het Nicole Bpk. in 2023 ontvang? Verskaf 'n rede vir jou antwoord. (3)
- 4.5 As 'n aandeelhouer in die maatskappy, watter bekommernisse sou jy hê oor wat gebeur het? Noem TWEE punte. (2)

NICOLE BPK.: DIE MAATSKAPPY HET MILJOENE RANDE VERLOOR WEENS GEBREK AAN GOEIE KORPORATIEWE BESTUUR

In April 2023 het Nicole Bpk. aangekondig dat daar nie op sy 2022 finansiële resultate staatgemaak kan word nie. Dit was nadat die eksterne ouditeure van Dion verklaar het dat hulle nie 'n mening oor die betroubaarheid van die maatskappy se finansiële state kon uitspreek nie.

Hulle het bevind dat 10 bestuurders, insluitend die voormalige uitvoerende hoof, Peter Moore, winste opgeblaas het om hul eie finansiële aansporings 'n hupstoot te gee, wat daartoe gelei het dat die maatskappy se ekwiteit met R4,5 miljard oorskat word. Hulle het onder meer inkomste vroeër as wat dit behoort het, in vorige rekeningkundige tydperke erken, en hulle het onvanpas uitgawes gekapitaliseer as bates.

Die Kuga-ondersoek het probleme geïdentifiseer, insluitend bestuurspraktyke, rekordhouding, stelselgebruik en finansiële verslagdoening.

Nicole Bpk. het gevra dat sy notering opgeskort word om sy beleggers teen spekulatiewe handel te beskerm. Die JSE het toe hul notering (niemand kon aandele koop of verkoop nie) vanaf 10 Junie 2023 en verder, opgeskort. Die JSE het in Februarie 2024 weer in Nicole-aandele begin verhandel en hulle het hulle met R7,5 miljoen beboet.

Sedertdien het Nicole Bpk. ZENTEC aangestel om hul interne ouditeur te wees. Dion was vir meer as 15 jaar Nicole se eksterne ouditeure.

[Aangepas uit www.sharedata.co.za.]

15**TOTAAL: 150**

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Niebedryfslaste : Aandeelhoudersbelang
(Handel en ander ontvangbare bedrae + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 hieronder)	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprijs per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL: <ol style="list-style-type: none"> Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word. Krediet aankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly). Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik. 	